N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 40

2 Oktober 2022

Gebed tydens ‘n krisis

Hoe moet ons in ‘n krisis bid?
Ons eerste reaksie in ‘n krisis is om ons behoeftes en begeertes na God te bring, maar dit is eers laer af op ons lys.
Fokus op wie God is
Toe Jesaja sy roeping van God ontvang, kry hy ‘n idee van God se grootheid. “In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op ‘n baie hoë troon gesit, en die onderste van Sy kleed het die temple gevul. By Hom was daar serafs om Hom te dien… Die serafs het mekaar telkens toegeroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van Sy magtige teenwoordigheid.” – Jes 6:1-8 Die eerste ding wat Jesus die dissipels leer bid, is : “Laat U Naam geheilig word.” Die eerste ding wat uit ons bars wanneer ons God in Sy majesteit sien, is lof en aanbidding van wie Hy is – nie vir wat ons van Hom wil hê nie.
Bring jouself in pas met God se heiligheid en reinheid
Toe Jesaja God se heiligheid sien, roep hy uit:”Wee my, ek is verlore! Want ek is ‘n man van onrein lippe.” Wanneer ons sien wie God is, raak ons bewus van die onreinheid in ons harte, ons gedagtes en ons verhoudinge en val ons op ons knieë voor ons God neer.
Wat wil U hê moet ons doen?
Uit die tweede stap vloei dié gebed: Wat wil U hê moet ek doen? Josef en Maria moes vlug, maar wat as Hy sê ”bly”? Weet jy hoeveel gelowiges het al so voor die troon verskyn, want hulle het gebly op God se bevel – wetende dat dit hulle lewens sou kos. Jesus was een van hulle.
Bid dat die oë van jou hart oopgaan
Iets wat dikwels in Paulus se briewe voorkom in gebede vir gelowiges wat ly, is: “Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet…” Hy bid dat hulle Jesus kan sien en verstaan te midde van die lyding.
Behoeftes en begeertes
Dán volg ons behoeftes en begeertes. Dit volg ná die ander stappe om te kan onderskei waarmee God besig is en wat Hy wil hê ons moet doen. Dán kan ons begin bid. Anders bid ons uit ons vlees.
Wat is op God se hart?
Watter krisis jy ook al beleef, weet jy voor wie jy staan? Hoeveel van jou gebede kom uit pure benoudheid? God weet presies wat jou krisis is. Hy nooi jou om Hom te leer ken vir wie Hy is: om jou hart oop te stel vir Sy agenda, om verligte oë van die hart te kry sodat jy Hom kan sien en dán om jou behoeftes en begeertes te bring. – Riekert Botha

Dankie!

Niks kan ons van God se liefde skei nie… geen krisis, lyding, siekte of selfs die dood nie!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – die skoolvakansie en vir ons matrieks wat begin voorberei vir die eind-eksamen wat voorlê.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Janine Vorster
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Hanna Pienaar.
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Lilian van Zyl
- Oom Hannes Stolz .
- Susan van Zyl
- Jaap Naudé
- Juan Strijdom
- Martie van Staden
- Marné Holtzhausen
- Philip de Jager
- Tannie Bets Coetzee
- Lucinda Graaff
- Ina van der Merwe
- Louis Strauss
- Wally Fourie
- Oom Eberhard Carshagen

Gedagte vir die week

Krisisse is deel van die lewe en God weet presies wat joune is.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org